



Nuusbrief Julie 2019

Posbus 13383
Hatfield 0028
T: 012-362 0660

E: toibo@imagnet.co.za
W: www.toibo.org.za



S
A
A
M
M
A
K
O
N
S
,
N
V
E
R
S
K
I
L

Ds Nelis J van Rensburg (Moderator van die NG Kerk) het op 11 Julie TOIBO se kantoor besoek om hom te vergewis van die werksaamhede van TOIBO en haar skole. Hy skryf op sy Facebook-blad:

Ek was vandag by TOIBO in Pretoria. TOIBO is 'n kerklike NWO en 'n gesamentlike aksie van die drie Afrikaanse susterskerke. TOIBO verleen ondersteuning aan vyf skole vir kinders met spesiale leerbehoefte, naamlik Hoërskool Martie du Plessis in Bloemfontein vir kinders met serebrale gestremdheid, Prinshofskool vir leerders met gesiggestremdheid, Transoranje-skool en Sonitusskool vir leerders met gehoorgestremdheid, en Transvalia-skool vir leerders met epilepsie en leergestremdheid. Die laaste vier skole is almal in Pretoria. 1858 leerders word in hierdie skole met die beste tegnieke en onderrig gehelp om hul potensiaal te bereik. Vir 'n baie groot persentasie is dit net moontlik as gevolg van TOIBO se finansiële hulp. Arina Jooste is die bestuurder van TOIBO. Kom ons help haar. Sy mag nie sukkel nie. Die kerk se verantwoordelikheid teenoor hierdie kinders is baie groot. Ons is immers dissipels van die Een wat gesê het: "Vir sover julle dit aan een van hierdie geringste nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie".



Ons fokus hierdie maand op Projek Prinses

TOIBO ondersteun jaarliks minderbevoorregte matriekdogters om hul matriekafskied spesiaal te maak. Die koste word gedra van die funksie, hul grimering, en die versorging van hul hare en naels.

Fondse word egter benodig om dit moontlik te maak.



Transoranje Instituut
Rekeningnr: 020 840 145
Takkode: 632 005

Laat jou LIG skyn vir 'n kind met 'n gestremdheid

Die NHKA staan op 8 September hul spesiale deurkollekte af aan TOIBO.

Gemeentes in Johannesburg en Pretoria word uitgenooi na die volgende eredienste:

- NH Gemeente Randburg om 09:00.
- NH Gemeente Pretoria-Oos om 18:30.

By Randburg tree die Gebaretaalkoor van Transoranje-skool vir Dowes op, en by Pretoria-Oos tree Lorinda Diedericks, 'n blinde oudleerder van Prinshof-skool, sowel as die Koor op. Moet dit nie misloop nie!

OXYGEN Smart Safety Solutions

Die werknemers van hierdie maatskappy het die leerders van die Grondslagfase by Transvalia-skool bederf met sop, broodjies en sjokolade as deel van hul 67 minute op Mandeladag.



1 September
Nasionale Biddag vir Dowes
Oorweeg asb. 'n spesiale deurkollekte ten bate van TOIBO.

